# Nederlandse Geloofsbelydenis

Artikel: 25

## DIE SEREMONIËLE WET IN CHRISTUS VERVUL

Nederlandse Geloofsbelydenis

# DIE SEREMONIËLE WET IN CHRISTUS VERVUL

Artikel: 25

Ons glo dat die seremonies en heenwysings na die wet met die koms van Christus opgehou het en dat alle voorafskaduwing tot 'n einde gekom het.

Die gebruik daar[illegible]et derhalwe onder die Christene afgeskaf word. Die waa[illegible] inhoud daarvan bly no[illegible] ons in Christus Jesus bestaan: in Hom het hierdie seremo[illegible] heenwysings juis hulle verv[illegible]

Ons gaan [illegible] voort om die getuienisse van die wet en die profete te gebruik om o[illegible] evangelie[illegible]estig en ook om ons lewe in alle eerbaarheid tot eer van God en volgens [illegible] in te rig.



Nederlandse Geloofsbelydenis

# DIE SEREMONIËLE WET IN CHRISTUS VERVUL

Artikel: 25

Ons glo dat die seremonies en heenwysings na die wet met die koms van Christus opgehou het en dat alle voorafskaduwing tot 'n einde gekom het.



Matteus 27:51: En kyk, die voorhangsel in die heiligdom is van bo tot onder in twee geskeur, die aarde is geskud en die rotse is oopgebreek.

Romeine 10:4: Die einddoel van die wet is immers Christus, tot regverdiging van elkeen wat glo.

Hebreërs 9:9-10: Dit versinnebeeld tot op hede hoe gawes en offers gebring is wat nie in staat was om die gewete van die een wat die offer bring, volkome te reinig nie. Dit het net gegaan oor kos en drank, en verskillende reinigingsrituele – bepalings vir die liggaam, wat opgelê is tot op die bestemde tyd van regstelling.

Die gebruik daarvan moet derhalwe onder die Christene afgeskaf word. Die waarheid en inhoud daarvan bly nogtans vir ons in Christus Jesus bestaan: in Hom het hierdie seremonies en heenwysings juis hulle vervulling.



Matteus 5:17: “Moenie eers daaraan dink dat Ek gekom het om die Wet of die Profete af te skaf nie. Ek het nie gekom om af te skaf nie, maar om te vervul.

Galasiërs 3:24: Die wet was dus ons oppasser, met die oog op Christus, sodat ons deur geloof geregverdig kon word.

Galasiërs 5:2-4: Kyk, ek, Paulus, sê nou vir julle: As julle julle laat besny, sal Christus vir julle waardeloos wees. Ek getuig weer teenoor elkeen wat hom laat besny, dat hy verplig is om die hele wet te onderhou. Julle wat op grond van die wet geregverdig wil word, julle is van Christus afgesny – julle het die genade verbeur!

Kolossense 2:17: Hierdie dinge is net 'n voorafskaduwing van dit wat aan die kom was, maar die werklikheid is Christus.

Ons gaan ook nog voort om die getuienisse van die wet en die profete te gebruik om ons in die evangelie te bevestig en ook om ons lewe in alle eerbaarheid tot eer van God en volgens sy wil in te rig.



Romeine 13:8-10: Wees aan niemand iets verskuldig nie, behalwe die verpligting om mekaar lief te hê. Wie sy medemens liefhet, het die wet vervul. Want dit, “Jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie begeer nie,” of watter ander gebod ook al, word saamgevat in hierdie uitspraak: “Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.” Die liefde doen die naaste geen kwaad nie, daarom is die liefde die vervulling van die wet.

Romeine 15:4: Alles wat vroeër opgeteken is, is tog vir ons tot lering opgeteken, sodat ons hoop kan hê deur die volharding en die bemoediging wat ons uit die Skrif ontvang.

2 Petrus 1:19: En daarom beskik ons oor die profetiese woord, wat nog vaster staan. Julle doen die regte ding as julle daarop fokus, soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek, en die môrester opgaan in julle harte.

2 Petrus 3:2: sodat julle die woorde kan onthou wat voorheen deur die heilige profete uitgespreek is, en ook die opdrag van ons Here en Verlosser wat julle apostels deurgegee het.

2 Petrus 3:18: Sorg dat julle aanhou groei in die genade en kennis van ons Here en Verlosser, Jesus Christus.

Ons glo dat die seremonies en heenwysings na die wet met die koms van Christus opgehou het en dat alle voorafskaduwing tot 'n einde gekom het.

Die gebruik daarvan moet derhalwe onder die Christene afgeskaf word. Die waarheid en inhoud daarvan bly nogtans vir ons in Christus Jesus bestaan: in Hom het hierdie seremonies en heenwysings juis hulle vervulling.

Ons gaan ook nog voort om die getuienisse van die wet en die profete te gebruik om ons in die evangelie te bevestig en ook om ons lewe in alle eerbaarheid tot eer van God en volgens sy wil in te rig.

ARTIKEL 25:

Ons glo dat die seremonies en heenwysings na die wet met die koms van Christus opgehou het en dat alle voorafskaduwing tot 'n einde gekom het[1].

Die gebruik daarvan moet derhalwe onder die Christene afgeskaf word. Die waarheid en inhoud daarvan bly nogtans vir ons in Christus Jesus bestaan: in Hom het hierdie seremonies en heenwysings juis hulle vervulling[2].

Ons gaan ook nog voort om die getuienisse van die wet en die profete te gebruik om ons in die evangelie te bevestig en ook om ons lewe in alle eerbaarheid tot eer van God en volgens sy wil in te rig[3].

1 Matteus 27:51; Romeine 10:4; Hebreërs 9:9-10

2 Matteus 5:17; Galasiërs 3:24; Galasiërs 5:2-4; Kolossense 2:17

3 Romeine 13:8-10; Romeine 15:4; 2 Petrus 1:19; 2 Petrus 3:2; 2 Petrus 3:18